



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**FEBRUARIE/MAART 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

### **NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbele penalisering word toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon is, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punte toe te ken. Indien geen + of – -teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, mag deelpunte toegeken word om tussen die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Hierdie memorandum is nie vir openbare verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanses in sekere vrae.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as finale negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek voor die punt toegeken word.

**Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.**

**VRAAG 1**

**1.1 Voltooi die stellings deur die ontbrekende woorde of syfers neer te skryf. (Kies by VRAAG 1.1.3 en 1.1.4 uit die woorde wat tussen hakies gegee word.)**

1.1.1	Belasting op Toegevoegde Waarde	✓✓
1.1.2	14	✓✓
1.1.3	BTW-uitset	✓✓
1.1.4	Krediet	✓✓
	BTW-kontrole	✓✓
1.1.5	R3 668	✓✓
1.1.6	R4 900	✓✓

14
----

**1.2.1 Berekende die waarde van die eindvoorraad volgens die EIEU-metode op 31 Desember 2011.**

$$\begin{aligned}
 & R130\ 000 + (80 \times R530) + (80 \times R30) \\
 & \quad \checkmark \quad \quad \checkmark \checkmark \quad \quad \checkmark \checkmark \\
 & = R130\ 000 + R42\ 400 + R2\ 400 \\
 & = R174\ 800 \quad \checkmark \text{ bewerking indien een aspek korrek}
 \end{aligned}$$

**OF**

$$\begin{aligned}
 200 \times 650 & = 130\ 000 \checkmark \checkmark + 80 \checkmark \times 560 \checkmark = 44\ 800 \checkmark = \\
 174\ 800 \checkmark & \text{ bewerking indien een aspek korrek}
 \end{aligned}$$

6
---

**1.2.2 Berekende koste van verkope.**

$$\begin{aligned}
 & \quad \quad \quad 1\ 199\ 000 \text{ twee punte} \quad \quad \quad \text{sien 6.2.1} \\
 238\ 500 \checkmark & + 1\ 259\ 000 \checkmark - 60\ 000 \checkmark + 66\ 000 \checkmark - 174\ 800 \checkmark \\
 & = 1\ 328\ 700 \checkmark \text{ bewerking indien een aspek korrek}
 \end{aligned}$$

**Berekende bruto wins.**

$$\begin{aligned}
 2\ 043\ 000 \checkmark & - 1\ 328\ 700 \checkmark \text{ sien KVV} = 714\ 300 \checkmark \\
 & \quad \quad \quad \text{bewerking indien een aspek korrek}
 \end{aligned}$$

9
---

**1.2.3 Gebruik die syfers wat hierbo bereken is om die winsopslag-% te bereken.**

**sien 6.2.2**       **sien KVV**      **bewerking indien een aspek korrek**  
 $714\ 300 / 1\ 328\ 700 \times 100 = 53,8\%$

5

**1.2.4 Verwys na die winsopslag-% hierbo bereken. Lewer kommentaar of hierdie winsopslag-% vir Mzansi Handelaars in 2011 voordelig was. Let daarop dat die bruto wins R400 000 en die winsopslag 75% in die vorige finansiële jaar was.**

Vergelyk R400 000 met BW in 6.2.2     ✓✓  
 Vergelyk 75% met WO % in 6.2.3     ✓✓  
 Kommentaar: Goed 2 punte; Bevredigend 1 punt

Verwagte antwoord:

Die afname in die WO % was tot voordeel ✓ aangesien dit tot 'n toename in verkope gelei het, wat tot 'n toename in bruto wins gelei het ✓.

6

<b>TOTALE PUNTE</b>
40

## VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) neer.

2.1.1	C ✓✓
2.1.2	B ✓✓
2.1.3	A ✓✓
2.1.4	D ✓✓

8
---

2.2 Bereken die waarde van direkte-arbeidskoste wat in die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 sal verskyn.

$$\begin{aligned} \text{Gewone tyd} &= 65\,000 \times 5 = && \text{R}325\,000 \quad \checkmark\checkmark \\ \text{Oortyd} &= 180 \times 70 \times 5 = && \text{R}63\,000 \quad \checkmark\checkmark \\ &&& \underline{\text{R } 388\,000} \quad \checkmark \end{aligned}$$

bewerking indien een aspek korrek

5
---

2.3.1 Bereken die totale produksiekoste van klaarprodukte.

$$\text{R}403\,000 \checkmark + 388\,000 \checkmark + (4\,200 \checkmark \times 53,50 \checkmark) = \text{R}1\,015\,700 \checkmark$$

bewerking indien een aspek korrek

5
---

2.3.2 Bereken die eenheidskoste van produksie (per sweetpak).

$$\text{R}1\,015\,700 \checkmark / 4\,200 \checkmark = \text{R}241,83 \checkmark$$

bewerking indien een aspek korrek

3
---

2.4.1 Bereken die getal meter grondstofmateriaal wat waarskynlik in die produksieproses vermors is.

$$16\,120 \checkmark\checkmark - (3,6 \checkmark \times 4\,200 \checkmark) = 1\,000 \text{ meter } \checkmark\checkmark$$

bewerking indien een aspek korrek

6
---

**2.4.2 Daar was geen diefstal in die besigheid nie. Gee TWEE voorbeelde van hoe die vermorsing kon plaasvind en gee Miriam in elke geval raad oor hoe om die probleem op te los.**

	<b>VOORBEELDE</b> ✓✓ ✓✓	<b>RAAD</b> ✓✓ ✓✓
1.	Ongeskoolde werkers	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Opleiding van werkers</li> <li>▪ Beter toesighouding gedurende vervaardiging</li> </ul>
2.	Swak gehalte van grondstowwe	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verander verskaffer</li> </ul>
	Tekort aan doeltreffendheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Beter toesighouding gedurende vervaardiging</li> <li>▪ Verbeter beheer oor toewysing van grondstowwe</li> </ul>

<b>8</b>

**2.5.1 Verwys na Inligting D. Bereken die gelykbreekpunt vir die 2011 finansiële jaar.**

$$\begin{array}{r} 317\,100 \quad \checkmark\checkmark \\ \hline 350 \checkmark - 212,50 \checkmark \end{array}$$

$$\begin{array}{r} 317\,100 \\ \hline 137,50 \end{array}$$

2 307 **OF** 2 306 **OF** 2 306,18 eenhede ✓  bewerking indien een aspek korrek

<b>6</b>

**2.5.2 Die gelykbreekpunt vir 2010 was 2 250 eenhede. Behoort Miriam tevrede of ontevrede te wees met die gelykbreekpunt vir 2011, wat hierbo bereken is? Verduidelik kortliks.**

Opinie ✓  
Verduideliking ✓✓✓

*Verduideliking vir tevrede:*  
Die besigheid het 4 200 eenhede geproduseer, terwyl gelykbreekpunt 2 307 eenhede is.

*Verduideliking vir ontevrede:*  
Die gelykbreekpunt van 2 307 eenhede is hoër as 2 250 in 2010.

<b>4</b>

<b>TOTALE PUNTE</b>
<b>45</b>

## VRAAG 3

## 3.1 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is:

3.1.1	Onwaar ✓✓
3.1.2	Waar ✓✓
3.1.3	Waar ✓✓
3.1.4	Onwaar ✓✓

8

## 3.2.1 Sien volgende bladsy.

3.2.2 NOTAS TOT FINANSIËLE STATE Vreemde items -1 (maks. -2)

VASTE BATES	Voertuie	Toerusting
<b>Drawaarde – begin van jaar</b> <span style="background-color: yellow;">Kontroleer bewerking, opge waardver moet afgetrek wees</span>	<input checked="" type="checkbox"/> 312 000	<input checked="" type="checkbox"/> 245 000
<b>Kosprys</b>	✓ 780 000	✓ 350 000
<b>Opgehoopte waardevermindering</b>	<b>(468 000)</b>	<b>(105 000)</b>
<b>Bewegings</b>		
<b>Toevoeging</b>		✓ 32 000
<b>Verkope (31 Desember 2011)</b> (180 000 ✓ – 102 000 ✓) <span style="background-color: yellow;">bewerking indien een aspek korrek</span>	<input checked="" type="checkbox"/> (78 000)	
<b>Waardevermindering</b> (30 000 + 120 000) (36 750 + 2 400 ) <span style="background-color: yellow;">bewerking indien een aspek korrek</span>	<input checked="" type="checkbox"/> (150 000)	<input checked="" type="checkbox"/> (39 150)
<b>Drawaarde – einde van jaar</b> <span style="background-color: yellow;">Kontroleer bewerking</span>	<input checked="" type="checkbox"/> 84 000	<input checked="" type="checkbox"/> 237 850
<b>Kosprys</b>	✓ 600 000	✓ 382 000
<b>Opgehoopte waardevermindering</b>	✓ (516 000)	✓ (144 150)

16

## 3.2.1 PRIME BPK.

## INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2012

Vreemde items -1 (maks. -2)  
Aanbieding/Misplasing -1 elke keer

<b>Verkope</b> (2 900 000 – 18 500) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓✓	2 881 500
<b>Koste van verkope</b>	✓	(1 650 000)
<b>Bruto wins</b> <small>Kontroleer bewerking, KVV moet afgetrek wees</small>	✓	1 231 500
<b>Ander bedryfsinkomste</b> <small>Kontroleer bewerking</small>	✓	239 500
<b>Huurinkomste</b> (200 700 ✓ + 18 900 ✓✓) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓	219 600
Oninbare skulde verhaal	✓	1 900
Voorsiening vir oninbareskulde-aansuiwering (3 200 ✓ – 3 700 ✓) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓	500
Wins met verkoop van bate (180 000 – 30 000 – 72 000 – 95 500) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓✓	17 500
<b>Bruto bedryfsinkomste</b>		1 471 000
<b>Bedryfsuitgawes</b> <small>Kontroleer bewerking</small>	✓	1 026 950
<b>Direkteursfooie</b>	✓	315 000
<b>Ouditfooie</b>	✓	30 000
<b>Salarisse en lone</b> (372 000 ✓ + 10 500 ✓ + 420 ✓ + 80 ✓) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓	383 000
<b>Verbruiksgoedere</b>	✓✓	60 000
<b>Bankkoste</b> (7 200 + 3 600)	✓✓	10 800
<b>Diverse uitgawes</b>	✓	30 000
<b>Oninbare skulde</b> (1 500 + 1 000)	✓✓	2 500
Handelsvoorraad tekort (325 000 – 318 500)	✓✓	6 500
Waardevermindering (30 000 ✓✓ + 120 000 ✓ + 36 750 ✓ + 2 400 ✓) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓	189 150
<b>Bedryfswins voor rente</b>		444 050
Rente-uitgawe/Finansieringskoste (126 000 ✓ + 4 400 ✓✓) <small>bewerking indien een aspek korrek</small>	✓	(130 400)
<b>Wins voor belasting</b> <small>Kontroleer bewerking, rente moet afgetrek wees</small>	✓	313 650
Inkomstebelasting <small>Kontroleer bewerking, moet 30% van wins voor belasting wees</small>	✓✓	(94 095)
<b>Netto wins na belasting</b> <small>Kontroleer bewerking, belasting moet afgetrek wees</small>	✓	219 555

## 3.2.2 Sien vorige bladsy.



**3.3.1 Verduidelik wat die rol van die onafhanklike ouditeur is.**

Die onafhanklike ouditeur spreek 'n mening uit oor die finansiële state voorgelê deur die direkteure. ✓✓

2

**3.3.2 Noem TWEE persone behalwe die aandeelhouers wat in die auditverslag sal belangstel en gee 'n rede vir hulle belangstelling.**

Enige TWEE van die ander rolspelers ✓ ✓  
Rede ✓✓ ✓✓

Aandeelhouers NIE aanvaarbaar in hierdie antwoord NIE

- **Voornemende aandeelhouers** – Om te sien of dit 'n goeie idee is om aandele in hierdie maatskappy te koop
- **Voornemende beleggers (finansiële inrigtings)** – Om te belê
- **Kredietverleners** – Om te sien of die maatskappy solvent is en as sekuriteit vir hulle lenings
- **Verskaffers** – Om te sien of uitstaande bedrae betaal kan word
- **SAID** – Om belastig akkuraat te bereken
- **Mededingers** – Om uitslae te vergelyk
- **Vakbonde** – Vir loononderhandelinge/werksekuriteit
- **Raad van direkteure/HFA** – Om prestasie te assesseer
- **Regering** – Vir statistiese inligting
- **Registrateur van Maatskappye** – Om by wetgewing te hou

6

**3.3.3 Verduidelik waarom dit vir 'n onafhanklike ouditeur belangrik is om aan 'n professionele liggaam soos SAIGR ('SAICA') te behoort.**

Enige geldige verduideliking ✓✓ een punt vir gedeeltelike korrekte antwoord

Verwagte antwoord:

- Versekering van sy kennis van rekeningkunde en auditbeginsels en -prosedures (alle tegniese aspekte en wetgewing)
- Dissiplinêre prosedures indien hy nalatig in sy dienste sou wees (gedragskode/professionele praktykkode)
- Deurlopende professionele opleiding
- Verseker standaardisering van hantering van finansiële state (IFVS, ens.)

2

**TOTALE  
PUNTE**

80



**VRAAG 4**

**4.1 VERDELINGSREKENING**

<b>2011 Des.</b>	<b>31</b>	Inkomstebelasting ✓	✓ 916 550	<b>2011 Des.</b>	<b>31</b>	Wins-en-verlies ✓	<input checked="" type="checkbox"/> 3 014 550 balanserende bedrag
		Gewone aandeeldividende ✓ (891 000 ✓ + 540 000 ✓)	<input checked="" type="checkbox"/> 1 431 000 bewerking indien een aspek korrek			Behoue inkomste ✓	✓ 528 000
		Behoue inkomste ✓	✓ 1 195 000				
			3 542 550			<input checked="" type="checkbox"/> Albei totale	3 542 550
				Vreemde items -1 (maks. -2)			

13

**4.2 Bereken slegs die ontbrekende syfers wat deur (a) tot (e) in die Kontantvloeistaat van Ambrosio Bpk. op 31 Desember 2011 aangedui word.**

<b>(a)</b>	$1\,431\,000 \checkmark + 486\,000 \checkmark - 540\,000 \checkmark = 1\,377\,000 \checkmark$ bewerking indien een aspek korrek
<b>(b)</b>	$412\,500 \checkmark + 495\,000 \checkmark + 99\,000 \checkmark - 429\,000 \checkmark = 577\,500 \checkmark$ bewerking indien een aspek korrek
<b>(c)</b>	$350\,000 - 247\,500 = 102\,500 \checkmark \checkmark$
<b>(d)</b>	$542\,250 - 631\,750 + 385\,500 = 296\,000 \checkmark \checkmark$
<b>(e)</b>	$296\,000 - 198\,000 = 98\,000 \checkmark \checkmark$ Indien R189 000 minder as (d)

15

**4.3.1 Bereken die % bedryfsuitgawes op verkope op 31 Desember 2011.**

$$\frac{2\,475\,000 \checkmark}{9\,900\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1} = 25\% \checkmark$$

bewerking indien een aspek korrek

3

**4.3.2 Bereken die solvensieverhouding op 31 Desember 2011.**

8 031 000 ✓ : 1 358 000 ✓✓

= 5,9 : 1  bewerking indien een aspek korrek

4

**4.3.3 Bereken die skuld-ekwiteitverhouding op 31 Desember 2011.**

600 000 ✓ : 6 673 000 ✓

= 0,1 : 1  bewerking indien een aspek korrek

3

**4.4 Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 2011. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) met betrekking tot die Inkomstestaat aan om jou kommentaar te staaf.**

Noem TWEE relevante finansiële aanwysers ✓ ✓

Aanhaal van syfers ✓ ✓

Noem van neigings ✓ ✓

Moontlike antwoorde:

- Bedryfsuitgawes op omset het vanaf 18% tot 25% toegeneem wat aandui dat daar minder beheer oor uitgawes was of meer vermorsing.
- Bedryfswins op omset het vanaf 14% tot 11,3% verminder wat 'n afname in die winsgewendheid van die besigheid toon.
- Netto wins na belasting op verkope het vanaf 26,8% tot 21,3% verminder wat laer algemene winsgewendheid toon.

6

**4.5 Sal die aandeelhouers gelukkig wees met die opbrengs, verdienste en dividende vir die jaar geëindig 31 Desember 2011? Verduidelik. Haal DRIE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) of syfers met betrekking tot die Inkomstestaat aan om jou kommentaar te staaf.**

Nee/Ja (met toepaslike verduideliking) ✓  
Verduideliking ✓✓

Verduideliking vir Nee:

Hierdie aanwysers verteenwoordig 'n afname en aandeelhouers sal nie gelukkig wees nie. Hulle sal bekommerd wees dat die dividende en verdienste hierdie jaar verminder het.

Verduideliking vir Ja:

Alhoewel hierdie aanwysers 'n afname verteenwoordig, oorskry die OOAB ('ROSHE') nog steeds die verdienste op alternatiewe beleggings en die VPA en DPA is beide redelik.

Noem DRIE relevante finansiële aanwysers ✓ ✓ ✓

Aanhaal van syfers ✓ ✓ ✓

Noem van neigings ✓ ✓ ✓

VPS het vanaf 85 tot 78 sent per aandeel verminder.

DPA het vanaf 60 tot 53 sent per aandeel verminder.

OOAB ('ROSHE') het vanaf 37% tot 35,5% verminder.

12

**4.6 Die HUB voel dat dit 'n goeie idee sal wees om volgende jaar die lenings te vermeerder. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om sy mening te staaf.**

Geldige verduideliking ✓ ✓

Finansiële aanwysers ✓ ✓

- Die rentekoers is 14% p.j. en die opbrengs op kapitaal aangewend was 44,2% in 2010, dus is die verdienste opwaarts gerat (47,0%).
- Skuld-ekwiteitverhouding het vanaf 0,2 tot 0,1 : 1 toegeneem. Dit is baie gunstig vir banke om addisionele lenings goed te keur.

4

**TOTALE  
PUNTE**

**60**

**VRAAG 5**

**5.1.1 Bereken die syfers wat deur A–E in die Kontantbegroting aangedui word.**

<b>A</b>	R95 000	✓	
<b>B</b>	R50 000	<input checked="" type="checkbox"/>	Indien R45 000 minder as A
<b>C</b>	(R162 000)	✓	merk slegs syfer; ignoreer hakies
<b>D</b>	R50 000	<input checked="" type="checkbox"/>	sien B
<b>E</b>	(R112 000)	<input checked="" type="checkbox"/>	Indien C + D; merk slegs syfer; ignoreer hakies

<b>5</b>

**5.1.2 Bereken die onthaaluitgawes vir Januarie 2012.**

$$R10\ 000 \times 15\% = R1\ 500$$

$$R10\ 000 \checkmark + R1\ 500 \checkmark = R11\ 500 \checkmark \quad \text{bewerking indien een aspek korrek}$$

<b>3</b>

**5.1.3 Bereken die % verhoging in die huurinkomste vir Januarie 2012.**

$$810 \checkmark / 9\ 000 \checkmark \times 100 = 9\% \checkmark \quad \text{bewerking indien een aspek korrek}$$

<b>3</b>

**5.1.4 Bereken die verwagte ontvangste van debiteure vir Januarie 2012.**

$$R432\ 000 / 80\% \\ = R540\ 000$$

$$R540\ 000 \checkmark \checkmark \times 20\% = R108\ 000 \checkmark \checkmark \times 95\% \\ = R102\ 600 \checkmark \checkmark \quad \text{bewerking indien een aspek korrek}$$

<b>6</b>

**5.1.5 Bereken die verwagte betalings vir die aankoop van voorraad vir Februarie 2012.**

$$360\ 000 \checkmark / 80\% \checkmark = 450\ 000$$

$$450\ 000 \checkmark \times 100 / 150 \checkmark = 300\ 000 \checkmark \quad \text{bewerking indien een aspek korrek}$$

<b>5</b>

**5.1.6 Noem TWEE punte wat in die interne ouditeursverslag aan John Smith ingesluit behoort te word.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

*Moontlike antwoorde:*

- Die vakansieuitgawes vir sy gesin behoort deel van onttrekkings te wees en nie as 'n besigheidsuitgawe getoon wees nie (besigheidsentiteitsbeginsel).
- Dit is oneties om besigheidsfondse vir persoonlike uitgawes te gebruik.
- Sy onttrekkings vir Desember 2011 is alreeds meer as dié van Januarie 2012.
- Hy hou nie by die begroting nie (R25 000 oor); dit moet gekontroleer word.
- Die gesinsvakansie behoort nie as 'n besigheidsuitgawe getoon te word nie aangesien dit belasting beïnvloed – belastingontduiking is onwettig.

4

**5.1.7 Volgens 'n artikel in die plaaslike koerant word aantygings gemaak dat Feetfit Skoene Groothandelaars die omgewing besoedel deur hulle afval in 'n nabygeleë veld te stort.****Verduidelik hoe die eienaar op hierdie artikel sou reageer.***Enige geldige antwoord ✓✓*

- Hy sal bekommerd wees oor die manier waarop hierdie verslag die reputasie van die besigheid sal beïnvloed (verlies van klandisiewaarde).
- Hy behoort die aantygings te laat ondersoek om die ware status van die verslag te weet.

**Indien die aantygings waar is, hoe behoort die eienaar die probleem te hanteer?***Enige geldige antwoord ✓✓*

- As die afval wel die rivier besoedel, moet 'n behoorlike afvalverwyderingsprogram ingestel word of die huidige afvalverwyderingsprogram moet opgedateer word om toekomstige besoedeling te voorkom.
- Hy behoort die gemeenskap in kennis te stel van die planne om besoedeling te hanteer.
- Indien 'n werker skuldig is aan afvalstorting, behoort dissiplinêre aksie geneem te word.

**Dit kan die Kontantbegroting op verskeie maniere in die toekoms beïnvloed. Verduidelik waarom die eienaar, John Smith, hieroor bekommerd behoort te wees.***Enige geldige antwoord ✓✓*

Goeie verduideliking = 3 punte; bevredigend = 2 punte; swak = 1 punt; ongeldig = 0 punte

- Enige aksie wat geneem word, sal geld kos en 'n negatiewe impak op die Kontantbegroting hê. Tans is uitgawes meer as inkomste, maar die afvalprobleem kan nie geïgnoreer word nie.
- Indien die uitgawes aan klante oorgedra word deur hoër pryse, sal dit die vraag na hulle produkte beïnvloed.

7

## 5.2

**Behalwe die verskille in verkope, identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak. Haal syfers aan om die probleem geïdentifiseer te ondersteun. Gee in elke geval aan Philip raad oor hoe om die probleem op te los.**

TAK	KOMMENTAAR EN SYFERS	RAAD
<b>Alfred</b> Syfer ✓ Kommentaar ✓✓ Raad ✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Alfred het 7 assistente, maar sy verkope (R270 000) is laer as Temba (R360 000) wat ook 6 assistente het (gemiddeld per assistent vir Alfred is R38 571 in vergelyking met Temba R60 000 en Katy R42 500).</li> <li>▪ Huuruitgawe is dubbel (R40 000) dié van die ander takke (R20 000), maar sy verkope van R270 000 is baie minder as Temba s'n R360 000.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Hy moet sy verkope vermeerder om die getal assistente te regverdig/hy moet ten minste een van sy werkers afdank.</li> <li>▪ Hy moet probeer om met sy verhuurder te onderhandel vir goedkoper huur/oorweeg om na 'n kleiner winkel te trek om huur te verminder.</li> </ul>
<b>Temba</b> Syfer ✓ Kommentaar ✓✓ Raad ✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Temba het in 'n groot hoeveelheid voorraad voorhande belê om 120 dae te hou. Dit is baie meer as dié wat deur Alfred (60 dae) en Katy (20 dae) gehou word.</li> <li>▪ Temba se winkel is minder uur per dag oop (8 uur in vergelyking met 10) en minder dae (5 dae in vergelyking met 7). Verkope kan hoër wees indien oop vir 7 dae per week.</li> </ul> <p><i>Moenie hoë terugsendings as 'n probleem vir Temba aanvaar (slegs 10% teruggestuur).</i></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Hy moet verseker dat hy voorraad in kleiner hoeveelhede aankoop om in die behoeftes van klante te voorsien, maar ook t.o.v. voorraadvlakke te bespaar.</li> <li>▪ Verhoog die besigheidsure per dag en bly oop vir 7 dae 'n week. Dit kan beteken dat sekere werknemers sekere dae moet werk.</li> </ul>
<b>Katy</b> Syfer ✓ Kommentaar ✓✓ Raad ✓	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Terugsendings is hoog (20% van verkope) in vergelyking met ander takke (ongeveer 10% van verkope).</li> <li>▪ Advertering (R5 000) laag in vergelyking met ander takke (R10 000).</li> <li>▪ Voorraad is laag (20 dae), klante mag na ander takke gaan.</li> <li>▪ Getal werknemers te min (4) wat verkope kan beïnvloed.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Wees meer versigtig deur korrekte items aan klante verkoop.</li> <li>▪ Verhoog advertering om verkope te verhoog.</li> <li>▪ Vermeerder voorraadvlakke.</li> <li>▪ Vermeerder getal werknemers, maar verseker dat verkope ooreenkomstig vermeerder.</li> </ul>

12

<b>TOTALE PUNTE</b>
45

**VRAAG 6**

**6.1 Verduidelik waarom die Debiteurekontrolerekening met die Debiteurelys ooreen behoort te stem.**

Die Debiteurekontrolerekening is 'n opsomming van die individuele debiteure se rekeninge. ✓✓

2

**6.2 Verduidelik TWEE prosesse wat die boekhouer moet volg indien hy/sy 'n verskil tussen die Debiteurekontrole-rekening en die Debiteurelys in die Debiteuregrootboek ontdek.**

TWEE prosedures ✓✓ ✓✓

Moontlike antwoorde:

- Kontroleer die inskrywings in die joernale
- Kontroleer optelling van joernale
- Kontroleer met werklike brondokumente
- Kontroleer oorboeking vanaf joernale

4

**6.3.1 Bereken die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrole-rekening soos op 31 Maart 2011.**

$$200\ 000\ \checkmark - 2\ 600\ \checkmark + 1\ 800\ \checkmark + 15\ 000\ \checkmark$$

$$= 214\ 200\ \checkmark \text{ bewerking indien een aspek korrek}$$

5

**6.3.2 Bereken korrekte bedrae verskuldig deur die volgende debiteure van Crystal Handelaars:**

	BEWERKINGS	ANTWOORD
<b>R Jansen</b>	<b>R41 200 + 15 000</b> ✓✓ <b>- 8 300</b> ✓ = <b>R47 900</b> ✓ bewerking indien een aspek korrek	✓
<b>S Wonder</b>	<b>R23 000 + R1 800</b> ✓ <b>- 2 700</b> ✓✓ = <b>R22 100</b> ✓ bewerking indien een aspek korrek	✓
<b>P Collins</b>	<b>R7 900 + 12 000</b> ✓✓ <b>+ 8 300</b> ✓ = <b>R28 200</b> ✓ bewerking indien een aspek korrek	✓

12

6.4.1

**Beheer Crystal Handelaars hulle debiteure op 'n doeltreffende manier? Verduidelik deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf.**

Nee ✓

Verduideliking ✓✓

Hulle kredietterme is 60 dae en hulle verwag dat 80% van debiteure hierdie terme sal nakom. Maar hulle het uitstaande skuld van R143 100 wat 71% van uitstaande skulde beloop (m.a.w. slegs 29% hou by die kredietterme).

3

6.4.2

**Verduidelik TWEE maatreëls wat 'n besigheid kan instel om die invordering van fondse vanaf debiteure te verbeter.**

TWEE maatreëls ✓✓ ✓✓

- Deeglike navorsing van debiteure, m.a.w. kontroleer krediet-geskiedenis
- Bied korting aan debiteure indien hulle binne die 60-dae-tydperk betaal
- Hef rente op uitstaande rekeninge
- Volg uitstaande skuld op deur gereelde herinneringe en telefoonoproepe

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
30

**TOTAAL: 300**